

**30 Julie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 14:14-20**

**Fokusgedeelte: Openbaring 14:14**

**Christus is finale Oorwinnaar en ewige Heerser!**

Hier word aan ons beskryf wat met die eindoordeel sal gebeur. Dan word dit duidelik dat die hele mensdom in twee groot groepe verdeel is, soos by oesinsameling. Die een groep word geoes tot ewige redding en word vergelyk met 'n koringoes – dis 'n oes wat droog is, soos by koring wanneer dit reg is vir die oes. Die ander groep word geoes tot die ewige oordeel en word weer vergelyk met 'n druiwe-oes. Druive word gepars sodat die rooi druiwesap daaruit stroom. Dit is beeld van God se toorn (woede) wat neerkom op almal wat sonder Christus is.

In hierdie gesig wat Johannes gesien het, is die wit wolk met Christus daarop die mees opvallende aspek daarvan. Hy moes dit heel eerste raakgesien het, want hy noem dit heel eerste. In hierdie beeld sien Johannes vir Christus met 'n goue kroon op. Dit beteken Hy is die Oorwinnaar en die Een wat die finale gesag het by die eindoordeel. Die wit wolk is beeld van 'n lewe wat skoon gewas is van die sonde.

Elkeen wat hom/haar hierdie beeld kan indink, moet besef: Christus staan sentraal; alles draai om Hom; Hy bepaal alles. Daarom is dit ook Hyself wat die koringoes insamel. Die druiwe-oes is ingesamel deur engele (of hemelse diensknegte).

Elkeen wat deel het aan Christus, het ook deel aan sy oorwinning. Daarom is die eindoordeel vir gelowiges 'n bron van hoop en nooit van vrees nie.

*Sing: Skrifberyming 18-4:3, 5; Skrifberyming 18-6:1, 5*

*Dr SF Kruger (Middelburg-Noord)*